## IN DIE BAN VAN DIE TYD

Daar is gedurende die afgelope paar jaar veel geskryf oor die teoretiese aspekte van die Geskiedeniswetenskap. Hierdie belangstelling in die teoretiese aspekte van geskiedskrywing by verskillende historici het soms wel polemiese hoogtepunte bereik, maar dit het terselfdertyd ook sekerlik verruimend ingewerk op ons insigte van ons vakgebied. Dit het ook ten gevolge gehad dat daar nie berus is by die deurlopende navorsing wat reeds in die verlede gedoen is en waardeur daar 'n goeie algemene oorsig oor ons vaderlandse geskiedenis tot stand gekom het nie, maar deur nuwe vrae te stel en te weet waarom daar nuwe vrae gestel kan word, word ou kennis in 'n nuwe lig gestel, word die kennis wat ons van ons verlede het, nie 'n afgeslote „dooie" verlede nie, maar 'n „lewende verlede" wat voortdurend in die hede in voortwerk en waaruit die verlede herinterpreteer word.[1]

Daar bestaan sekerlik geen onsekerheid meer oor wat bedoel word met „subjektiewe" en „objektiewe" geskiedskrywing nie. Waar die geskiedenisgebeure as die objektiewe gegewene beskou moet word, staan die historikus teenoor die afgelope historiese gebeurtenisreeks wat eintlik as „dood" beskou kan word, en wil hy daaraan weer „lewe" of „gestalte" gee, en in hierdie proses is hy nie blote kroniekskrywer nie, maar omdat hy die beskikbare historiese gegewens of feitereeks wil interpreteer, betekenis daaraan gee, doen hy dit uit hoofde van 'n waardebelaaide kriterium waaraan hy as mens wat binne die geskiedenisverband staan, nie kan ontsnap nie.[2] Hierdie kriterium is gevolglik 'n eie norm wat sy ontstaan binne die tydshorison het waarin daardie historikus leef. Ook hy is deel van 'n historiese verloop waarin sy norme wat hy aangewend het om gestalte aan die verlede te gee, verby gegaan het om plek te maak vir die nuwe en dus 'n „nuwe" interpretasie van die verlede. Hierdie voortdurende herinterpretasie van die verlede lei tot die „vergruisde beeld" van 'n Jan Romein waarin hy die verlede as steeds onvoltooid sien,[3] of soos by Piet Geyl die bekende Nederlandse historikus, waarskynlik as gevolg van die byna voortdurende polemiek en diskussie waarin hy betrokke was tydens sy reeds lang en vrugbare arbeid as historikus, as „een discussie zonder eind".[4] Ons waardemaatstawwe wat ons aanwend om na die verlede te kyk en waardeur aan die verlede „betekenis" gegee word, bepaal dus nie alleen die „betekenis" wat aan die verlede gegee word nie, maar bepaal ook selfs die belangstellingsgebied.

Omdat ons oordeelbelaaide maatstawwe hul ontstaan het binne 'n tydsomstandigheid wat self die skepping van die geskiedenis is en voortdurende besig is om deel te word van die verlede, daarom word ons gedwing om die onmoontlikheid te aanvaar om 'n abstrakte super-historiese standaard-

1. Van Jaarsveld, F. A.: *Lewende Verlede*, p. 27. Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1961
2. Ibid, p. 32.
3. Romein, J.: *Het Onvoltooid Verleden*, Amsterdam, 1948.
4. Geyl, P.: *Napoleon*, p. 5. Tweede Druk, 1947.

norm daar te stel waarvolgens die verlede beoordeel kan word.[5] Tot die 18de eeu was dit egter byna vanselfsprekend om so 'n super-historiese standaard in die godsdiens te vind, maar na Voltaire en die Aufklärung en die sogenaamde „sekularisering" van die Westerse mens se transendentale opvattinge dienaangaande, is die onhoudbaarheid van so 'n norm as vanselfsprekend aanvaar. Daar is besef dat ook hierdie transendentale godsdienstige norme binne die raamwerk van die historiese sy bestaan en voortbestaan het, en dus ook aan verandering onderhewig is. In die jongste tyd, waarskynlik as gevolg van die uiterste vorms van relativisme waartoe hierdie opvatting wat ook omskryf kan word as die *historisisme*, lei, is daar pogings aangewend om die geloof en dus transendentale opvatting in die lig van die ontwikkeling van die menselike denke dienaangaande weer as uitgangspunt te neem. Aldus die bekende nog lewende Duitse filosoof, Karl Löwith: „More intelligent than the superior vision of philosophers and theologians is the common sense of the natural man and the uncommon sense of the Christian believer. Neither pretends to discern on the canvas of human history the purpose of God or of the historical process itself. They rather seek to set men free from the world's oppressive skepticism or of faith, which is rooted in an experience certainly nurtured by history but detached from and surpassing it, and thus enabling man to endure it with mature resignation or with faithful expectation . . . The skeptic and the believer have a common cause against the easy reading of history and its meaning."[6] Nogtans moet dieselfde skrywer erken dat die mens nie essensieel binne die natuur leef nie, maar dat hy midde in die horison van die geskiedenis bestaan en dat verandering die fundamentele kenmerk van hierdie wêreld waarin die mens hom bevind, is.[7]

Afgesien daarvan dat in bogemelde sin historisme tot algehele skeptisisme t.o.v. die lewenswaardes waarvolgens die mens leef en moet leef, lei, lewer dit ook 'n kenteoretiese of epistemologiese probleem wat in werklikheid fundamenteel is. Ten eerste word die vraag gevra watter soort kennis ons van die verlede het en daarmee samevallend die vraag of kennis van die verlede wel moontlik is. Indien ons 'n waardemaatstaf aanwend as kriterium waarvolgens die verlede gestalte gegee word, verstaanbaar gemaak word, of terug geroep word in die herinnering, en ons daarby aanvaar dat die mens nie binne die *natuurumwelt* leef nie maar binne die raamwerk van 'n historiese[8] en dus voortdurend veranderlike wêreld en dat die veranderingsproses eintlik veroorsaak word deur die mens se waardebeginsel wat hy daarop nahou, dan veronderstel dit dat die waardebeginsel wat tot die huidige historiese situasie aanleiding gegee het, reeds ook verander het; dat daar 'n verskuiwing van nadruk op wat waardevol is, plaasgevind het. Dit impliseer dat die kriterium wat aangewend is

5. Carr, E. H.: *What is History?* pp. 76-77. MacMillan, 1961.
6. Löwith, Karl: *Meaning in History*, p. VII. University of Chicago Press, 1949.
7. Lesing deur Karl Löwith voor die Filosofiese Vereniging gehou te Fort Hare in Februarie 1963.
8. Ibid.

om die verlede te interpreteer en tot kennis te bring, reeds nie meer 'n aanvaarde kriterium is by die oomblik van aanwending nie, maar dat dit tot die historiese verlede behoort by die oomblik van aanwending en dat die kennis wat dit tot gevolg het, nie 'n historiese kennis is binne die raamwerk van die deur die geskiedenis gevormde *umwelt* van *die mens op daardie oomblik nie.* Die mens se lewenswaardes is teleologies ingestel en veronderstel 'n negativering van die bestaande.

Die historikus Carr[9] aanvaar hierdie teleologiese ingesteldheid as die werklike kriterium waardeur tot kennis gekom kan word. Hy stel dit dan dat die absolute in die geskiedenis, d.i. die waardebelaaide kriterium waarvolgens uitgegaan word, nie iets in die verlede is wat as uitgangspunt dien nie, nog minder is dit iets in die teenwoordige (in die absolute sin van 'n oomblik in die tyd?) nie, aangesien alle teenwoordige denke noodwendig relatief moet wees. Dit is iets onvolkome en in die proses van wording — iets in die toekoms waarheen ons beweeg, wat begin om gestalte aan te neem alleenlik wanneer ons begin om daarheen te beweeg en in die lig daarvan, soos ons voorwaarts beweeg, ons geleidelik ons interpretasie van die verlede vorm. Volgens Carr is dit dan die sekulêre „waarheid" agter die religieuse „mite" nl. dat die betekenis van die geskiedenis by die Opstanding openbaar sal word.[10] Hieruit moet dan ook volg wat ons onder objektiwiteit verstaan nl. dat die begrip objektiwiteit relatief en funksioneel is. Vir Carr is die kriterium wat aangewend word deur die historikus ook sy standaard van wat betekenisvol is, wat dan ook sy standaard van objektiwiteit is om sodoende tussen die betekenisvolle in die historiese verloop, die minder betekenisvolle en die insidentiële te onderskei. Wat as geldende objektiwiteit aanvaar word, is gevolglik ook relatief aangesien dit gebaseer is op 'n ontwikkelende doel waarna gestrewe word. Ook die verlede word as ontwikkelend beskou, d.w.s. binne die raamwerk van 'n tydsverloop deur die historikus geplaas. Op enige gegewe oomblik in die tyd, sal daar 'n objektiewe interpretasie van 'n gegewe fenomeen in die verlede wees „ooreenkomstig die objektiewe behoeftes of doelstellings van die gemeenskap op daardie tydstip. Op 'n ander moment in die tyd sal 'n ander interpretasie ook die ‚objektiewe' een kan wees".[11] Toe dr. W. J. Leyds se werk *Het Insluiten van de Boeren-Republieken* in 1914 verskyn het, is hierdie werk as objektief en gevolglik ‚wetenskaplik' beskou, terwyl dit vandag nie meer as sulks beskou kan word nie: „Wanneer ons nou die geskiedenisbeeld wat dr. Leyds aan ons voorhou, karakteriseer, moet ons opmerk dat dit aan die een kant 'n negatiewe vertelling is van die ‚lyding', ‚verbittering', ‚ontevredenheid', en ‚onderdrukking' van die Afrikaners in die Republiek en die onreg hulle aangedaan, en aan die ander kant 'n sonderegister van al die ‚misdrywe' deur die Engelse vanaf 1795 tot 1895 gepleeg. So word die verlede verdeel in twee skerp, van

9. Carr, E. H.: p. 115.
10. Ibid.
11. Price, J. M., in *History and Theory-Studies in the Philosophy of History*, Vol. III, No. I, 1963, p. 141.

mekaar absoluut geskeie dele: 'n vyand-vriend, swart-wit, in wat was en wat kon gewees het, in ,so het hulle met julle gemaak'. Talle ,bewyse' en ,voorbeelde' moet die betrekkinge illustreer. Dit was hierdie werkwyse van dr. Leyds wat veroorsaak het dat sy geskiedenis van die verhouding tussen Engelsman en Afrikaner nie 'n ware ,geskiedenis' kon word nie . . ."[12]

Toe dr. Leyds hierdie werk van hom gelewer het, was die bitter smaak van die naweë van die Tweede Vryheidsoorlog nog in die mond en het die Afrikaners aan die vooraand van 'n rebellie gestaan, maar teen 1961 was die Republiek van Suid-Afrika reeds 'n voldonge feit. Dus ander tye, verg herinterpretasie, 'n ander maatstaf of kriterium en 'n ander *objektiwiteit* as norm. Gevolglik is die ,kennis' wat ons van die besondere verlede verkry ook ,anders'.

Die teleologiese ingesteldheid van die waarde-oordeel veronderstel *iu ipso* dat die historiese situasie geskep sal word waarin die waardebeginsel opgesluit lê. Daaruit het gegroei die opvatting van die voorspelbaarheid van die geskiedenisverloop vir die onmiddellike toekoms. Maar hierdie voorspelbare lê in 'n gegewe historiese moment wat 'n waarde-oordeel bevat en wat deur die historiese verloop gekondisioneer is, wat nog nie gerealiseer is nie, maar weens sy toekomsgerigtheid strewe na realisering. Die sekerheid van hierdie strewe-tot-verrealisering berus terselfdertyd op 'n reeks opgedane kennis wat sover sy inhoud betref, afhanklik is van 'n waarde-oordeel wat reeds besig is om in die sand van die tyd te verdwyn. Gevolglik kan die opgedane kennis deur middel waarvan die geskiedenisverloop tot 'n groot mate beïnvloed word,[13] sy sekerheid hê in die onmiddellike verlede soos dat daaruit geput is, maar dit kan nie die toekoms voorspel nie. Sulke kennis openbaar hom in die aktiewe ingryping in die historiese verloop op 'n bepaalde tydstip en staan in kausale verhouding tot die verdere verloop van die gebeurereeks waaraan betekenis geheg word en wat tot gestalte gebring is deur 'n kriterium wat gefundeer is op 'n reeds in die tyd verdwene of verdwynende waarde-oordeel en wat hom uit hoofde van kennis wat so opgedoen is, op die toekoms rig. Maar die werklike of objektiewe kausale verband wat daar dan tussen die gegewene (feit) en die daaruit voortvloeiende situasie ontstaan, is part en deel van die ,objektiewe' of werklike verlede, wat wanneer dit tot interpretasie van hierdie ,objektiewe' verlede kom, vervorm word tot historiese beeld wat in die subjektiewe of relatiewe moment van 'n verbygaande situasie waarin die historikus hom bevind, herinterpreteer word.

Die logiese konsekwensies van wat daar uit die begrippe ,objektiewe' en ,subjektiewe' geskiedenis getrek kan word, moet dus noodwendig tot verwarring so nie tot 'n gevoel lei dat die historikus voor 'n *impasse* te staan gekom het. Meeste historici wat in die teoretiese metodologie belang

12. Van Jaarsveld, F. A.: *Lewende Verlede*, p. 109.
13. Popper, K. R.: *The Poverty of Historicism*, p. 122. London, 1957. Ook by Beer, M. S.: *Causal Explanation and imaginative re-enactment*, in *History and Theory*, Vol. III, No. I van 1963, p. 25.

stel, sluit dan ook hul oë vir hierdie konsekwensie ofskoon hulle onrustig bewus daarvan is. Ander soos Karl Popper moet dan noodwendig van die armoede van historisisme[14] praat.

Ander skrywers voel weer dat die waarde-oordeel uit die hede wat histories gekondisioneer is, en waaruit die verlede geïnterpreteer word, oorbeklemtoon word. Prof. J. H. Hexter[15] meen dat daar in werklikheid twee denkrigtings in bogemelde opsig by ons historici bestaan. Die onderskeid tussen die twee denkrigtings lê rofweg tussen die hede-ingestelde (present-minded) en die histories-ingestelde (history-minded) historici. Om een of ander rede het dié historici wat wantrouig staan teenoor idees en teorieë en wat glo dat geskiedenis uit feitereekse bestaan, hulle by die eersgenoemdes gaan skaar ofskoon die rede daartoe eintlik nie voor die hand liggend is nie. Daardeur het daar 'n mate van verwarring ontstaan oor die vraag van waaroor dit eintlik gaan. Eintlik is daar geen rede waarom die histories-ingestelde historici teoretiese vraagstukke moet uitsluit nie. „Nor is there anything in present-mindedness that demands an optimism as to the efficacy of history as a panacea for current social ills."[16]

Maar in die eersgenoemdes se standpunt is daar iets apodikties waar hulle beweer dat ons na die verlede behoort te kyk sonder dat ons hede waarde-sisteme en vooropgestelde idees in die verlede ingelees word. Ons moet dan die verlede uit hoofde van die verlede en nie uit die hede nie, benader en verstaan. Maar wat ook al die *intensie* van die historikus is, elkeen bly hede-ingesteld net soos vroeëre historici ook hede-ingestel was t.o.v. hul eie tyd,[17] want waarheid is dat ons denke ingeskakel is op ons eie ondervindingslewe. Terselfdertyd wys hy egter daarop dat so 'n argument uit sigself oppervlakkig raak aangesien die vraag nogtans daaruit voortvloei of afgesien van hierdie ondervindingslewe uit die hede dit ons verhoed om die verlede uit homself te verstaan en nie uit die vooropsettinge van die hede nie. In elke opsig moet onthou word dat die verlede voortdurend vanuit die hede herinterpreteer word, nie 'n hede wat homself aan die historikus opdring nie, maar vanuit 'n kennisveld wat aangevul is en die vrug is van wetenskaplike ondersoek.

Omdat die historikus wat hom verdiep in 'n besondere tydperk in die verlede in werklikheid meer aandag gee aan sy studie as wat hy besig is om indrukke van die hede te absorbeer, en hom in werklikheid so afsluit van die ‚stroom van die tyd' dat hy minder op hoogte is met politieke opvattinge van vandag as dié van die tydperk wat hy bestudeer, is hy eerder verlede-ingestel as hede-ingestel. Die ‚gees van die tyd' wat hy beleef lê in die verlede en nie in die ‚hede' van die historikus nie. „Now the consequence of all this is inevitable. Instead of the passions, prejudices, assumptions and prepossessions, the events, crises and tensions of the present dominating my view of the past, *it is the other way about.* The passions, prejudices, assumptions and prepossessions, the events, crises and

14. Poverty of Historicism.
15. Hexter, J. H.: *Reappraisals in History*, p. 1. Longmans, 1961.
16. Ibid.
17. Ibid, p. 3.

tensions of early modern Europe to a very considerable extent lend precision to my rather haphazard notion about the present. I make sense of present-day welfare-state policy by thinking of it in connection with the 'commonwealth policies' of Elizabeth."[18]

Uit hierdie reeds lang aanhaling, is dit ook duidelik dat Hexter die vraagstuk van die kriterium as norm waaruit die verlede benader word gaan omswaai het, en die hede vanuit die verlede soos dit gestalte vir hom aangeneem het uit sy studie van oorgeblewe reste wat nie die algehele inhoud van daardie verlede kan weerspieël nie omdat o.a. uit hoofde van die onvolledigheid van die reste van die verlede as objektiewe werklikheid nie gerekonstrueer kan word nie, gaan sien het. Terselfdertyd kan hy die hede nie heeltemal ontvlug nie, want uit die hede en die omstandigheid of situasie waarin sy gemeenskap hom bevind, maak hy 'n lewensbestaan. Noodwendig kom dit dan tot vergelyking tussen die verlede in hierdie geval die „commonwealth policies of Elizabeth" — en die hede, die „present-day welfare-state." Dus lewe die verlede selfs meestal onbewus in die mens, in die hede voort. Dit (die verlede) „werk as krag daarin voort, reik in die daaglikse bestaan in . . . dit kleef aan ons, maar meestal onbewus."[19] Juis daarom reik dit ook na die toekoms. Die verlede reik deur die hede na die toekoms, dit vul die gees van die mens uit die hede met kriteria waarop die toekoms gebou word . . . „die Grundlage dessen und das Einfache, auf das alle bezogen ist, was der Geist hervorbringt, muss im Bewustsein der Meisten Wirklichkeit geworden sein . . ."[20] en in die wisselwerking hede en toekoms word die verlede benader. Eintlik het ons weer eens die kringloop voltooi en bly die vrae wat tot die voorgaande konsekwentiële deurvoering van die argument in die lug bly hang het, onbeantwoord. Die gevaar bestaan dan ook kennelik dat ons verledebeeld waarmee ons in 'n steeds veranderende wêreld en dus veranderende lewensopvatting en waarde-oordeel meegaan en die verlede wat lewend in ons deurwerk maar geen objektiewe historiese is nie, ons toekomsgerigtheid kan oorheers. Soos die Franse skrywer Paul Caléry dit so pessimisties gestel het: „Die geskiedenis is die gevaarlikste produk wat die chemie van die intellek ooit voortgebring het. Sy eienskappe is bekend. Hy laat drome droom, benewel die volke, verwek misleide herinneringe, lei tot oordrewe bepeinsinge, hou ou wonde oop, kwel hulle in hul rus, bring hul tot hoogmoedswaan of tot vervolgingswoede en maak die nasies bitter, hooghartig, onverdraaglik en ydel."[21]

Wat die versugting ookal mag wees, al word daar gepoog om die verlede uit te vee, om met 'n Lockeaanse *tabula rasa* te begin, bly die besef dat wat uitgewis lyk te wees, nog in volle letters voor die gees staan. „Wij leven in die ban der geschiedenis."[22]

18. Ibid, p. 9.
19. Van Jaarsveld, F. A.: *Lewende Verlede*, p. 27.
20. Jaspers, Karl: *Vom Ursprung und Ziel der Geschichte*, p. 279. München, 1950.
21. Ook aangehaal by Bouman, P. J.: *In de Ban der Geschiedenis*, p. 16. Van Corcum, 1961.
22. Ibid., p. 9.

Indien dit so is, en op die huidige het ons geen ander rede om dit nie te aanvaar nie, naamlik dat die oordeel of (her-) interpretasie van die verlede beswaar word met die waarde-oordeel uit die hede, en dat hierdie waarde-oordeel histories gekondisioneerd is, ontstaan die verdere probleem van wat die waarde-oordeel is wat as onderlaag aanwesig is in die interpretasie van die verlede.

In die eerste plaas is die historikus 'n individu, 'n enkeling binne 'n gemeenskapsverband. Verteenwoordig hy dan op die oomblik van interpretasie die werklike absolutes van die gemeenskap soos dit op daardie oomblik by die gemeenskap aanwesig is en tot verwerkliking kom in die aktiwiteite — skeppend na die toekoms — van die gemeenskap? Die vraag impliseer ook die veronderstelling dat die historikus *au fait* is deur studie of andersins van wat die algemeen geldende waardebeginsel is wat die motivering van die gemeenskapsdrang na die toekoms is. Dit veronderstel ook dat daar op 'n gegewe moment 'n algemeen geldende norm aanwesig is wat ten spyte van die verskille wat daar bestaan en wat berus op ander waardenorme wat nog nie uitgestoot het tot 'n algemeen geldige nie, en dat die historikus as propagandis van die algemeen geldende norm of norm wat algemeen behoort te geld, soos 'n Treitschke die pad na die toekoms aandui. Dan word 'n studie van die verlede gedoen nie om kennis onthalwe nie, maar word die feitereeks omgeef en gebind met 'n emosionele faktor waaroor daar nie besin word nie, maar aanvaar word as geldend en dus bo die redelike verhef is. Daar word dan deur die navorsing gestrewe om die „geskiedenisbeeld" aan te vul maar daar word nie gestrewe na kennis nie maar na 'n begryp van die ‚beeld' en hierdie begrip openbaar hom deurdat die ‚beeld' onderwerp word of ingeperk word binne 'n ideologiese formulering soos nasionalisme, kommunisme, demokrasie, ens.

Heinrich von Treitschke (1834-1896) veral bekend vir sy *Deutsche Geschichte im neunzehnten Jahrhundert* wat hy in vyf bande uitgegee het en wat hom die grootste deel van sy lewe geneem het om te skryf, was die „profeet" van die negentiende eeuse Duitse nasionalisme. Hy het in sy werk gehelp om doel en rigting aan die Duitse (Pruisiese) nasionalisme en „eenheidstrewe" te gee wat gekulmineer het in die vir Duitsland glorieryke dae van 1870-71 toe Duitsland onder Bismarck Frankryk verneder het en Duitse eenheid verseker het.[23] Treitschke se „geskiedenisbeeld" het nie alleen sy ontstaan gehad in sy studie van die Duitse verlede nie, maar is ook gevorm en is daaraan doelgerigtheid gegee deur die gebeurtenisse van 1848 toe dit gelyk het of daar van Duitse eenheid geen sprake meer was nie. Sy vaagomlynde teorieë is tot vaste vorm gegiet deur die groot Duitse denker, Hegel. Veral die Hegelse opvatting dat die staat in die middelpunt van die etiek staan, naamlik dat wat goed en reg is vir die mens uit die geworde enkelstaat as sintese van die ou antitetiese faktore wat tot wan-

23. Gooch, G. P.: *History and Historians in the Nineteenth Century*, p. 138, Longmans, 1913.

orde lei, straal, was die aanvaarbare waardenorm vir Treitschke, die heraut van 'n Bismarck.[24] En dit was hierdie waardenorme wat Treitschke aangewend het om die feitereekse van die verlede te gaan „meet" en in oorsaaklike verband met mekaar te plaas, waaruit sy interpretasie van die verlede of „geskiedenisbeeld" gegroei het en as „kennis van die verlede" as geskiedenis aan die Duitse volk aangebied is. Berus Treitschke se roem as historikus op sy wetenskaplike arbeid *per se* of berus dit op die emosionele stuwing wat dit aan die Duitse politieke lewe gegee het? Veelal kan die twee nie geskei word nie, want albei berus op 'n waardebelaaide oordeel, is geanker daarin en wat die kriterium waardeur die verlede as objektiewe fenonomeen met die toekoms waarin die waardeopvatting homself moes realiseer, gebind is. Die Duitse volk het daardie toekoms binne gegaan op die wieke van die oorwinnings van 1870-71 maar daardie kriterium het die toets van die vernedering van 1914-18 nie deurstaan nie. Die kriterium is, juis omdat die Duitse volk 'n ‚antwoord' wou vind op die katastrofes wat hul lot was, aangevul deur verderes met teorieë wat weer in die geskiedenis ingelees is, soos dié van 'n Houston Stewart Charmberlain,[25] wat na 1939-45 anakronismes geword het. Maar om die gang of verloop wat die Duitse geskiedenis na 1870-71 geneem het, te verstaan moet hierdie teorieë wat eers buite die ‚geskiedenis' om geformuleer is, maar wat daarna ‚deel' van die geskiedenis-verloop geword het, verstaan word. Die vraag is natuurlik of die teorie wat op een stadium as kriterium aangewend is om die verlede te interpreteer, en daarna deel van die geskiedenis-verloop geword het deur daaraan, weens sy toekomsgerigtheid, rigting te gee, as objektief gegewene of historiese feit van die objektiewe historiese werklikheid wat deur die teorie as kriterium aangewend is om geïnterpreteer te word, gesien moet word of dat dit as feit in die interpretasie van die gedeelte van die geskiedenis of tyd waarin die teorie ontstaan het, geneem moet word. Anders gestel: Aangesien dr. W. J. Leyds in o.a. sy werk *Het Insluiten van de Boeren-Republieken*, wat in 1914 geskryf is, en deur sy kontrastering van Boer-Britverhoudinge op 'n besondere wyse soos deur prof. F. A. van Jaarsveld aangedui[26] medewerksaam was in die verstewiging van 'n nasionale bewussyn by die Afrikaner wat berus het op die kontras Boer-Brit, moet sy werk dan as objektiewe geskiedenis van die Boer-Britverhoudinge van die negentiende eeu gesien word óf moet dit as dokument gelees word van die ontstaan en groei van die twintigste eeuse Afrikaner nasionalisme? Teen 1914 was hierdie nasionalisme nog sluimerend of nog nie geheel aanwesig nie en teen 1960 het dit die Afrikaner geheel omsluit. In dié sin was die werk van dr. Leyds 'n skakel, 'n brug tussen die negentiende en twintigste eeu,

24. Hepner, F.: *Wie kam Treitschke zu seinen Ansichten über Staat und Gesellschaft?*, p. 19. Berlyn, 1916.
25. *Die Grundlagen des XIX Jahrhunderts*, München, 1909, en Hitler se *Mein Kampf* daarna!
26. *Lewende Verlede*, t.a.p.

en juis weens die ‚apologetiese' tendens[27] daarvan, nie 'n ware of werklike beeld van die negentiende eeuse historiese werklikheid nie. Die waardebelaaide kriterium waarmee die feitereste van die verlede geïnterpreteer is, was terselfdertyd toekomsgerig en sou hom eers in die toekoms realiseer. Was Leyds in dié sin die Treitschke van die Afrikaanse historiografie?

Dit wat verrealiseer moes word — in hierdie geval die nasionale herontwaking van die Afrikaners — het ook die onderwerpkeuse bepaal, naamlik Boer-Britverhoudinge. Die oorgrote meerderheid Afrikaanse historici het hulle dan ook in die verlede op hierdie aspek toegespits, juis omdat die politieke atmosfeer waarin elkeen gebore is en groot geword het, belaai was met Boer-Britverhoudinge, en soos dit weerspieël is in die programme van die onderskeie politieke partye. Tot 1948 en selfs daarna is die ledetal van elk van die groot politieke partye van ons land vertikaal in Afrikaans- en Engelssprekendes verdeel. Na die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika en die ontstaan van ander vraagstukke wat die skeiding Boer-Brit ideologies nie meer noodsaak nie, en nadat die vraagstukke soos hul hulself opdring, maar nie tot oplossing gekom het nie — veral die vraagstuk van Blank-Bantoeverhoudinge — tot ideologiese formulering gekom het en dus toekomsgerig is, begin die nadruk in ons geskiedskrywing in terme van en om hierdie ideologiese omskrywing, op Blank-Bantoeverhoudinge val.[28] Ooreenkomstig die omgrensing van hierdie ideologiese ideaal waarna *gestrewe* word tot realisering, word die nadruk gelê op „Grensbakens".[29] „In die verlede is daar faktore in die lewe geroep wat die verhouding tussen Europeaan (sic!) en Bantoe in Suid-Afrika ernstig verstoor het. Die verstoring het 'n vraagstuk laat ontstaan. Die vraagstuk het 'n kompleks van probleme, nie alleen aan die Blanke bevolking van die Unie besorg nie, maar ook die Naturellebevolking in 'n maalstroom van denkbeelde en begrippe laat beland — die oorsprong van die vraagstuk wat vandag bestaan moet in die verlede gesoek word. Die geskiedenis verskaf die kennis en bied die geleentheid om die *toekoms* (ek kursiveer) te bou op die *hede* (ek kursiveer), . . ."[30] Omdat die Bantoe se sosiale agtergrond en dus lewenswaardes, sy interpretasie van en dus ‚verstaan' van die lewe anders is as dié van die Blanke, vereis 'n interpretasie van die beskikbare dokumentêre en ander gegewens oor die verhouding Blank-Bantoe 'n diepgaande kennis van die Bantoe en word hierdie kennis 'n noodsaaklike voorvereiste vir die objektiewe en dus wetenskaplike interpretasie van die historiese reste.[31] „Het dit dan nie *tyd geword* dat ons 'n deeglike studie maak van die kontak tussen Blank en Bantoe oor die voorafgaande 250 jaar nie?"[32]

27. Ibid.
28. Kyk bv. Van Biljon, P.: *Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika*, 1947.
29. Ibid.
30. Ibid, p. 1.
31. Van Rooyen, T. S.: *'n Nuwe benaderingsmetode i.v.m. die studie van die Kontak tussen Blank en Bantoe*, in *Koers*, Februarie 1955, pp. 226-33.
32. Ibid. p. 233.

Die historikus staan in *die tyd,* vir hom breek die tyd aan waardeur met die oog op wat in die toekoms lê, hy na die verlede gaan om sy hede te verklaar in die lig van die flou strale van 'n son wat 'n nuwe daeraad aankondig. Hy staan in die ban van 'n steeds voortvloeiende tyd, die tyd waarin hy leef, wat geword het soos dit is, omdat hy meen dat sy geskiedenis dit gemaak het soos dit is, maar wat nie so kan bly nie, omdat die antwoorde op wat dit alles beteken gedeeltelik in die toekoms van die ,behoort te wees', lê. En wanneer die groot Nederlandse historikus, J. H. Huizinga, dit stel dat Geskiedenis die geestelike vorm is waarin 'n kultuur hom rekenskap van sy verlede gee, het hy daarmee bedoel dat die hede hom voortdurend weer aan die verlede op 'n ander manier en met ander nadruk aan die verlede gaan vasknoop, want telkens weer staan die mens ook anders ingestel teenoor die toekoms.

So 'n siening van die geskiedenis ontneem egter ook aan die mens sy sug na vastigheid en sekerheid. Pogings om *betekenis* in die geskiedenisverloop in te lees, in dié sin dat alles wat plaasgevind het of wat nog gaan plaasvind, voorbeskik was en is, of dit God of dié van Hegel se „geslepenheid van die Rede" is, is gedoen om sekerheid te bring waar daar onsekerheid bestaan en om dit aan te wend as kriterium waardeur die verlede „verstaanbaar" gemaak kan word en „betekenis" aan gegee kan word.

Dr. T. S. van Rooyen.